PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—7000

GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—7000

19515

27 NOVEMBER

101

NASIONALE WET OP VELD- EN BOSBRANDE, 1998

_____

(Engelse teks deur die President geteken.)

(Goedgekeur op 19 November 1998.)

_____

WET

Om die reg betreffende veld- en bosbrande te hervorm; om sekere bepalings van die Boswet, 1984, te herroep; en om vir verbandhoudende aangeleenthede voorsiening te maak.

Die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika verorden die volgende wet:

INDELING VAN WETHOOFSTUK 1INLEIDENDE BEPALINGS

1. Doel

2. Uitleg

HOOFSTUK 2BRANDBESKERMINGSVERENIGINGS

3. Vorming van brandbeskermingsverenigings

4. Registrasie van brandbeskermingsverenigings

5. Pligte van brandbeskermingsverenigings

6. Brandbeskermingsbeamptes

7. Finansiële en ander bystand

8. Deregistrasie van brandbeskermingsverenigings

HOOFSTUK 3BRANDGEVAARAANSLAG

9. Brandgevaaraanslag

10. Bekendmaking van brandgevaaraanslag

11. Delegering van bevoegdhede en pligte

HOOFSTUK 4VOORKOMING VAN VELDBRANDE DEUR BRANDSTROKE

12. Plig om brandstroke te maak en in stand te hou

13. Vereistes van brandstroke

14. Brandstroke aan grense van Republiek

15. Vrystelling van plig om brandstroke te maak en in stand te hou

16. Vrystelling van verbod op beskadiging van plante

HOOFSTUK 5BRANDBESTRYDING

17. Gereedheid om brande te bestry

18. Optrede om brande te bestry

19. Ooreenkomste vir onderlinge bystand

HOOFSTUK 6ADMINISTRASIE VAN WET

20. Regulasies

21. Prosedure om regulasies uit te vaardig

22. Delegering van bevoegdhede en pligte

23. Toewysing van bevoegdhede en pligte

HOOFSTUK 7MISDRYWE EN STRAWWE

24. Strawwe

25. Misdrywe

HOOFSTUK 8AFDWINGING

26. Implementering van hierdie Hoofstuk

27. Bevoegdheid om te betree en te deursoek

28. Bevoegdheid van beslaglegging

29. Bevoegdheid om in hegtenis te neem

HOOFSTUK 9ALGEMENE EN OORGANGSBEPALINGS

30. Navorsing

31. Publikasie van kennisgewings in media

32. Kennisgewings aan eienaars

33. Beperking van aanspreeklikheid

34. Vermoede van nalatigheid

35. Wysiging van Wet 122 van 1984

36. Voorbehoudsbepalings

37. Kort titel

38. Inwerkingtreding

HOOFSTUK 1INLEIDENDE BEPALINGS

Hierdie Hoofstuk sit die doel uiteen waarvoor hierdie Wet aangeneem word. Dit omskryf belangrike woorde en terme wat in die Wet gebruik word en gee rigting aan die vertolking van die Wet.

Doel

1. (1) Die doel van hierdie Wet is om veld-, bos- en bergbrande dwarsdeur die Republiek te voorkom en te bestry.

(2) Die Wet maak voorsiening vir ’n verskeidenheid instellings, metodes en praktyke om die doel te bereik.

Uitleg

2. (1) In hierdie Wet, tensy dit uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) “aangewese diens” ’n diens wat deur die Minister vir Provinsiale Sake en Staatkundige Ontwikkeling erken word ingevolge artikel 4 van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987); (iv)

(ii) “bosbeampte” ’n bosbeampte aangewys of aangestel kragtens artikel 65 van die Nasionale Wet op Bosse, 1998; (x)

(iii) “brand” ook ’n veldbrand; (vi)

(iv) “brandbeskermingsbeampte” ’n persoon bedoel in artikels 5 en 6; (ix)
(v) “brandbeskermingsvereniging” ’n brandbeskermingsvereniging wat ingevolge artikel 4 geregistreer is; (viii)

(vi) “brandgevaar” die moontlikheid dat ’n veldbrand kan uitbreek of ’n bestaande veldbrand buite beheer kan raak en, indien wel, die verwagte tempo waarteen en intensiteit waarmee dit sal brand; (vii) (vii) “Departement” die nasionale Departement wat verantwoordelikheid vir die bestuur van veldbrande het; (iii)

(viii)

“diens” ’n brandweerdiens soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987); (xv)

(ix) “die Wet” of “hierdie Wet” die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998, en ook die regulasies kragtens die Wet uitgevaardig; (xviii) (x) “Direkteur-generaal” die Direkteur-generaal van die Departement; (v) (xi) “eienaar” dieselfde as in die gemenereg en ook—

(a) ’n huurder of ander persoon wat die onderhawige grond beheer ingevolge ’n kontrak, testamentêre dokument, wet of bevel van ’n Hoë Hof;

(b) met betrekking tot grond wat deur ’n gemeenskap beheer word, die uitvoerende liggaam

van die gemeenskap ingevolge sy konstitusie of enige wet of gebruik;

(c) met betrekking tot Staatsgrond wat nie deur ’n persoon beoog in paragraaf (a) of ’n

(i) die Minister van die Staatsdepartement of die lid van die uitvoerende raad van die provinsiale administrasie wat beheer oor daardie Staatsgrond uitoefen; of

(ii) ’n persoon wat deur hom of haar gemagtig is; en

(d) met betrekking tot ’n plaaslike owerheid, die hoof- uitvoerende beampte van die plaaslike owerheid of ’n persoon wat deur hom of haar gemagtig is; (xiii)

(xii) “gemeenskap” ’n samehangende maatskaplike groep persone met belange by of regte op ’n bepaalde stuk grond wat die lede gemeenskaplik besit of uitoefen ingevolge ’n ooreenkoms, gebruik of ’n wet; (ii)

(xiii) “hoofbrandweerbeampte” die persoon wat ingevolge artikel 5 van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987), aangestel is om in beheer van ’n diens of aangewese diens te wees; (i)

(xiv) “Minister” die Minister aan wie die President verantwoordelikheid vir veldbrande opdra ingevolge artikel 91(2) van die Grondwet; (xi) (xv) “munisipaliteit” ’n plaaslike raad, ’n metropolitaanse raad, ’n metropolitaanse plaaslike raad, ’n verteenwoordigende raad, ’n plattelandse raad of ’n distrikraad soos omskryf in artikel 10B van die Oorgangswet op Plaaslike Regering, 1993 (Wet No. 209 van 1993), en enige opvolger van so ’n raad; (xii)

(xvi) “Staatsbos” ’n Staatsbos soos omskryf in artikel 2 van die Nasionale Wet op Bosse, 1998; (xvi)

(xvii) “Staatsgrond” grond wat by die nasionale of ’n provinsiale regering berus—

(a) insluitende grond wat in trust gehou word deur die Minister van Grondsake of die Ingonyama bedoel in die KwaZulu Ingonyama Trust Wet (KwaZulu Wet No. 3 of 1994);

(b) uitgesluit grond wat aan ’n plaaslike owerheid behoort; (xvii)

(xviii) “veldbrand” ’n veld-, bos- of bergbrand; (xix)

(xix) “voorskryf” by regulasie voorskryf. (xiv)

(2) Woorde wat afgelei is van die omskrewe woorde het ooreenstemmende betekenisse, tensy die samehang anders aandui.

(3) ’n Redelike uitleg van ’n bepaling wat versoenbaar is met die doel van hierdie Wet, moet verkies word bo ’n alternatiewe uitleg wat nie daarmee versoenbaar is nie.

(a) ’n verwysing na ’n plig om bepaalde persone of owerhede te raadpleeg, nóg

(b) die afwesigheid van enige verwysing na ’n plig om te raadpleeg of aan te hoor,

in hierdie Wet stel die beampte of owerheid wat ’n bevoegdheid uitoefen of ’n plig verrig, vry van die plig om billik op te tree ten opsigte van alle persone wat daarop geregtig is om aangehoor te word.

(5) Waar daar meer as een eienaar ten opsigte van dieselfde grond is, stel die behoorlike verrigting deur een eienaar van ’n plig opgelê ingevolge hierdie Wet, die ander eienaars vry van die verrigting van daardie plig.

(6) Verduidelikende aantekeninge, in vetdruk en kursief gedruk aan die begin van Hoofstukke, moet nie gebruik word om hierdie Wet uit te lê nie.

HOOFSTUK 2BRANDBESKERMINGSVERENIGINGS

Hoofstuk 2 reguleer die instelling, registrasie, pligte en werking van brandbeskermingsverenigings. Hierdie verenigings moet alle aspekte van die voorkoming van veldbrande en brandbestryding hanteer. Die aanstelling en pligte van ’n brandbeskermingsbeampte word ook in hierdie Hoofstuk gereguleer.

Vorming van brandbeskermingsverenigings

3. (1) Eienaars kan ’n vereniging vorm met die doel om veldbrande te voorspel, te voorkom, te bestuur en te blus en kan aansoek doen om registrasie daarvan as ’n brandbeskermingsvereniging ingevolge hierdie Hoofstuk.

(2) ’n Brandbeskermingsvereniging kan gevorm word deur eienaars wat wil saamwerk vir die doel in subartikel (1) bedoel ten opsigte van ’n gebied wat—

(a) gereeld veldbrande ondervind;

(b) ’n betreklik eenvormige risiko van veldbrand het;

(c) betreklik eenvormige klimaatstoestande het; of

(d) betreklik eenvormige tipes bosse of plantegroei het.

(3) Indien daar nie ’n brandbeskermingsvereniging geregistreer is nie binne een jaar na die inwerkingtreding van die Wet in ’n gebied waar die Minister van mening is dat ’n brandbeskermingsvereniging gevorm moet word, moet hy of sy ’n vergadering van eienaars in

(a) die bepalings van hierdie Hoofstuk te verduidelik;

(b) te sien of daar steun is vir die vorming van ’n brandbeskermingsvereniging; en

(c) te identifiseer watter bystand die Departement kan lewer met die vorming, registrasie en bestuur van ’n brandbeskermingsvereniging, indien daar sulke steun is.

(4) Die Minister kan bystand verleen aan en saamwerk met eienaars by die vorming van ’n brandbeskermingsvereniging.

Registrasie van brandbeskermingsverenigings

4. (1) ’n Aansoek om registrasie as ’n brandbeskermingsvereniging moet op die voorgeskrewe wyse gedoen word.

(2) Indien die Minister tevrede is dat—

(a) die aansoeker in staat is om die pligte te verrig wat ingevolge hierdie Wet aan ’n brandbeskermingsvereniging opgelê word; en

(b) die aansoeker verteenwoordigend van eienaars in die gebied is,

moet hy of sy sodanige vereniging registreer en ’n registrasiesertifikaat uitreik.

(3) Die Minister kan as ’n brandbeskermingsvereniging erken en registreer—

(a) ’n brandbeheerkomitee of streekbrandbeheerkomitee ingestel kragtens artikel 19 van die Boswet, 1984 (Wet No. 122 van 1984);

(b) ’n bewaringskomitee ingestel kragtens artikel 15 van die Wet op die Bewaring van Landbouhulpbronne, 1983 (Wet No. 43 van 1983);

(c) ’n opvanggebiedbestuursagentskap ingestel kragtens artikel 78 van die Nasionale Waterwet, 1998 (Wet No. 36 van 1998);

(d) enige natuurbewaringsgebied ingestel deur enige ordonnansie van enige Provinsie;

(e) ’n brandbeskermingskomitee ingestel kragtens artikel 7 van die Wet op Bergopvanggebiede, 1970 (Wet No. 63 van 1970); en

(f) ’n rampbestuuragentskap ingestel ingevolge enige wet wat die bestuur van rampe of burgerlike beskerming ten doel stel;

(g) enige vrywilligervereniging wat bestaan ten tyde van die promulgering van die Wet en waarvan een van sy oogmerke die voorkoming en bestryding van veldbrande is, of enige komitee van so ’n vereniging,

indien sy stigtingswet of konstitusie aan subartikel (6) voldoen.

(4) Die Minister kan van ’n aansoeker om registrasie vereis om voor of na registrasie aan sekere voorwaardes te voldoen, insluitende die wysiging van sy konstitusie.

(5) Net een brandbeskermingsvereniging mag ten opsigte van ’n gebied geregistreer word.

(6) Alle eienaars in ’n gebied waarvoor ’n brandbeskermingsvereniging gevorm is, het die reg om by die brandbeskermingsvereniging aan te sluit, mits hulle onderneem om by sy konstitusie en reëls te hou.

(7) Waar ’n brandbeskermingsvereniging geregistreer is in ’n gebied—

(a) wat in die geheel of gedeeltelik deur ’n munisipaliteit beheer word en die betrokke munisipaliteit oor ’n diens beskik; of

(b) waarin daar ’n aangewese diens is,

moet die munisipaliteit of aangewese diens ’n lid van die brandbeskermingsvereniging word.

(8) Die eienaar ten opsigte van Staatsgrond moet aansluit by enige brandbeskermingsvereniging wat in die gebied geregistreer is waarin die grond geleë is.

(9) Niks in hierdie Wet verhinder die vorming van ’n oorkoepelende vereniging vir ’n aantal brandbeskermingsverenigings nie, maar ’n verwysing in hierdie Wet na ’n brandbeskermingsvereniging is nie ’n verwysing na so ’n oorkoepelende vereniging nie.

(10) ’n Oorkoepelende vereniging kan bevoegdhede kragtens hierdie Wet uitoefen of pligte ingevolge hierdie Wet verrig ten behoewe van ’n brandbeskermingsvereniging indien die Minister daartoe instem.

Pligte van brandbeskermingsverenigings

5. (1) ’n Brandbeskermingsvereniging moet ten minste—

(a) ’n veldbrandbestuurstrategie vir sy gebied ontwikkel en toepas;

(b) in die strategie voorsiening maak vir meganismes waarop ooreengekom is ten einde aksies met aangrensende brandbeskermingsverenigings te koördineer indien ’n brand oor grense versprei;

(c) reëls maak wat sy lede bind;

(d) die ekologiese toestande identifiseer wat die brandgevaar beïnvloed;

(e) die brandgevaaraanslag in artikels 9 en 10 bedoel, gereeld aan sy lede meedeel;

(f) sy lede organiseer en oplei in die bestryding, bestuur en voorkoming van brande;

(g) sy lede inlig oor beskikbare toerusting en tegnologie vir die voorkoming en bestryding van veldbrande;

(h) bestuursdienste, opleiding en steun bied vir gemeenskappe in hulle pogings om veldbrande te bestuur en te beheer;

(i) die Minister ten minste elke 12 maande voorsien van statistieke oor veldbrande in sy gebied;

(j) enige inligting wat die Minister aanvra, verskaf ten einde die brandgevaaraanslagstelsel op te stel of in stand te hou;

(k) die bevoegdhede uitoefen en pligte verrig wat deur die Minister aan hom gedelegeer word; en

(l) ’n brandbeskermingsbeampte aanstel, tensy ’n munisipaliteit ’n lid is.

(2) Indien ’n munisipaliteit of ’n aangewese diens ’n lid is, moet die brandbeskermingsvereniging daarmee oorleg pleeg in die ontwikkeling en toepassing van die strategie.

(3) Die Minister kan ’n bevoegdheid of plig aan ’n brandbeskermingsvereniging delegeer indien hy of sy vooraf met die brandbeskermingsbeampte oorleg gepleeg het.

(4) Die reëls in subartikel (1)(c) beoog, moet voorsiening maak vir—

(a) enige aangeleentheid wat ingevolge hierdie Wet hanteer kan of moet word;

(b) die minimumstandaarde wat deur lede gehandhaaf moet word met betrekking tot alle aspekte van die voorkoming van veldbrande en gereedheid vir brandbestryding;

(c) beheerde brande om ekostelsels te bewaar en die brandgevaar te verminder; en

(d) enige ander aangeleentheid wat nodig is vir die brandbeskermingsvereniging om sy oogmerke te bereik.

(5) ’n Eksemplaar van die reëls moet by die Minister ingedien word.

(a) ’n munisipaliteit ’n lid is en oor ’n diens beskik, of waar ’n aangewese diens ’n lid is, is die hoofbrandweerbeampte die brandbeskermingsbeampte;

(b) ’n brandbeskermingsvereniging meer as een entiteit wat oor ’n hoofbrandweerbeampte beskik, onder sy lede tel, moet ’n brandbeskermingsbeampte soos voorgeskryf verkies word.

(3) ’n Brandbeskermingsbeampte het die reg om die grond van ’n lid van die brandbeskermingsvereniging met redelike kennisgewing te betree ten einde die pligte in subartikel (1)(g) beoog, te verrig.

(4) Die Direkteur-generaal kan ’n beampte of werknemer van die Departement aanwys om as brandbeskermingsbeampte vir ’n brandbeskermingsvereniging op te tree indien ’n brandbeskermingsvereniging nie oor die middele beskik om dit self te doen nie.

(5) (a) ’n Aanstelling kragtens subartikel (4) moet vir ’n bepaalde tydperk wees.

(b) Die tydperk kan verleng word slegs indien daar na die Direkteur-generaal se mening ’n goeie rede is om dit te doen.

(6) (a) ’n Brandbeskermingsbeampte moet op die voorgeskrewe wyse by die Direkteur-generaal aansoek doen om registrasie as ’n brandbeskermingsbeampte.

(b) Die Direkteur-generaal moet ’n brandbeskermingsbeampte registreer indien hy of sy oortuig

is dat die persoon in staat sal wees om die Wet op ’n verantwoordelike wyse af te dwing.

(7) Die brandbeskermingsbeampte mag sy of haar bevoegdhede en pligte ingevolge hierdie Wet delegeer, uitgesonderd die bevoegdhede tot arrestasie, deursoeking en beslaglegging.

Finansiële en ander bystand

7. Die Minister kan ’n lening, toekenning of ander bystand verleen aan—

(a) enige brandbeskermingsvereniging vir enige van sy bedrywighede; en

(b) enige eienaar wat ’n brandstrook ingevolge artikel 14 maak en in die proses uitgawes aangaan wat meer is as wat daar redelikerwys van hom of haar verwag kon word om aan te gaan indien die grens van sy of haar grond nie met dié van die Republiek saamgeval het nie.

Deregistrasie van brandbeskermingsverenigings

8. (1) Indien ’n brandbeskermingsvereniging na die mening van die Minister opgehou het om te funksioneer of ondoeltreffend geword het, kan hy of sy dit deregistreer en sy sertifikaat intrek.

(2) In so ’n geval word die brandbeskermingsvereniging onmiddellik aanspreeklik vir—

(a) die terugbetaling van enige lening wat deur die Departement aan hom toegestaan is; en

(b) die terugbesorging van enige bates wat deur die Departement aan hom geleen is.

HOOFSTUK 3BRANDGEVAARAANSLAG

Hoofstuk 3 maak voorsiening vir die voorkoming van veldbrande deur ’n brandgevaaraanslagstelsel. Die Minister stel die stelsel in en onderhou dit, hoewel hy of sy sy of haar bevoegdhede en pligte om dit te doen kan delegeer aan ’n organisasie met die nodige kundigheid. Die inhoud van die stelsel en die faktore wat by die opstel daarvan in aanmerking geneem moet word, word uiteengesit. ’n Verbod op die aansteek van vure in die ope lug tree in werking wanneer die Minister in die media waarsku dat die brandgevaar hoog is.

Brandgevaaraanslag

9. (1) Die Minister moet ’n brandgevaaraanslagstelsel vir die hele land opstel en op ’n deurlopende grondslag in stand hou in oorleg met—

(a) die Suid-Afrikaanse Weerburo of enige opvolger van daardie Buro; en

(b) brandbeskermingsverenigings.

(2) Die Minister kan oorleg pleeg met ander organisasies met kundigheid, inligting of toerusting wat tersaaklik is vir die oprigting of instandhouding van ’n brandgevaaraanslagstelsel.

(3) Die Minister moet die hele land in afsonderlike streke verdeel, waarvan elke streek een is waar die brandgevaar gewoonlik eenvormig genoeg is om ’n enkele aanslag te regverdig wat vir die hele streek sinvol is.

(4) Die brandgevaaraanslagstelsel moet—

(a) die tersaaklike kenmerke van elke streek in aanmerking neem, insluitende—

(i) die topografie;

(ii) die tipe plantegroei in die gebied;

(iii) die seisoenale klimaatsiklus;

(iv) tipiese weerstoestande;

(v) onlangse weerstoestande;

(vi) waar redelikerwys moontlik, huidige weerstoestande;

(vii) voorspelde weerstoestande; en

(viii) enige ander tersaaklike aangeleentheid;

(b) die formule of formules insluit wat nodig is om—

(i) alle faktore in aanmerking te neem wat die brandgevaar vir elke streek raak;

(ii) die aanwysers te bereken wat nodig is om die brandgevaar aan te slaan;

(iii) die brandgevaar in elke streek vir ’n geskikte tydperk of tydperke aan te slaan;

(c) die aanslag in ’n duidelike formaat toon;

(d) identifiseer—

(i) watter bedrywighede gevaarlik is en watter voorsorgmaatreëls getref moet word vir elke aanslag; en

(ii) wanneer die brandgevaar as hoog aangeslaan word.

(5) Die Minister kan van enige brandbeskermingsvereniging vereis om inligting wat vir die brandgevaaraanslagstelsel nodig is, te verskaf binne ’n tydperk deur hom of haar bepaal.

Bekendmaking van brandgevaaraanslag

10. (1) Die Minister moet—

(a) die aanslag van die brandgevaar vir elke streek gereeld meedeel aan die brandbeskermingsverenigings in daardie streek;

(b) wanneer die brandgevaar in enige streek as hoog aangeslaan word, by die vroegste moontlike geleentheid in al die hooftale wat in daardie streek gebruik word, ’n waarskuwing

(i) oor drie televisiekanale en drie radiostasies wat na die streek uitsaai; en

(ii) in twee koerante wat in daardie streek sirkuleer; en

(c) verseker dat opnames van die uitsendings gehou word en afskrifte van die kennisgewings in die koerante gehou word.

(2) Wanneer die Minister ’n waarskuwing ingevolge subartikel (1)(b) gepubliseer het, mag niemand ’n vuur in die ope lug in die streek waar die brandgevaar hoog is, aansteek, gebruik of aan die gang hou nie.

(3) Die waarskuwing in subartikel (1)(b) bedoel, moet—

(a) meld dat die brandgevaar hoog is;

(b) melding maak van die verbod op die aansteek, gebruik of aan die gang hou van vure in die ope lug; en

(c) die streek identifiseer waar en die tydperk waartydens die verbod van toepassing is.

(4) Die Minister kan die waarskuwing in sodanige ander media publiseer of enige ander middele gebruik wat hy of sy geskik ag om te verseker dat dit doeltreffend gekommunikeer word.

Delegering van bevoegdhede en pligte

11. Die Minister kan enige van sy of haar bevoegdhede of pligte ingevolge hierdie Hoofstuk delegeer aan—

(a) die Suid-Afrikaanse Weerburo, indien die Direkteur-generaal van die Departement van Omgewingsake en Toerisme daartoe instem;

(b) enige opvolger van daardie Buro; of

(c) ’n organisasie met die nodige kundigheid,

en kan so ’n organisasie vir sy dienste betaal uit geld wat deur die Parlement bewillig is.

HOOFSTUK 4VOORKOMING VAN VELDBRANDE DEUR BRANDSTROKE

Hoofstuk 4 plaas ’n plig op eienaars om brandstroke te maak en in stand te hou. Die prosedure in hierdie verband en die rol van aangrensende eienaars en die brandbeskermingsvereniging word behandel. Daar word ook voorsiening gemaak vir die maak van brandstroke op die internasionale grense van die Republiek. Die Minister word die bevoegdheid verleen om enige eienaar om goeie redes vry te stel van die maak van ’n brandstrook.

Plig om brandstroke te maak en in stand te hou

12. (1) Elke eienaar op wie se grond ’n veldbrand kan ontstaan of brand of van wie se grond dit kan versprei, moet ’n brandstrook maak en in stand hou aan sy of haar kant van die grens tussen sy of haar grond en enige aangrensende grond.

(2) (a) Indien ’n eienaar in subartikel (1) bedoel van voorneme is om ’n brandstrook te maak of in stand te hou deur te brand, moet hy of sy ’n onderling aanvaarbare datum of datums met die eienaars van aangrensende grond bepaal om dit te doen en die brandbeskermingsvereniging vir die gebied, as daar een is, daarvan in kennis stel.

(b) Indien daar nie ’n ooreenkoms bereik kan word nie, moet die eienaar aan die eienaars van aangrensende grond en die brandbeskermingsvereniging vir die gebied, as daar een is, ten minste 14 dae skriftelike kennis gee van die datum of datums waarop hy of sy beoog om brandstroke te brand, indien die brandgevaar dit toelaat.

(3) ’n Eienaar van aanliggende grond wat ingevolge subartikel (2)(a) op ’n dag ooreengekom het of wat ’n kennisgewing ingevolge subartikel (2)(b) ontvang, moet —

(a) sy of haar brandstrook op die betrokke grens op dieselfde dag of dae brand; of

(b) teenwoordig wees by sodanige brand of toesien dat sy of haar agent teenwoordig is; en

(c) verseker dat ’n voldoende aantal persone teenwoordig is aan sy of haar kant van die grens

om te voorkom dat die vuur versprei wanneer die brandstrook gebrand word.

(4) ’n Eienaar mag nie ’n brandstrook brand nie, al het hy of sy aan subartikel (2) voldoen,

(a) die brandbeskermingsvereniging teen die voorgestelde brand beswaar maak; of

(b) ’n waarskuwing ingevolge artikel 10(1)(b) gepubliseer is omrede die brandgevaar in die streek hoog is; of

(c) die toestande nie bevorderlik vir die brand van brandstroke is nie.

(5) Die eienaar moet die eienaars van aangrensende grond en die brandbeskermingsvereniging, as daar een is, in kennis stel—

(a) indien daar nie op die ooreengekome dag of dae bedoel in subartikel (2)(a) of enige van die dae bedoel in subartikel (2)(b), gebrand kan word nie; en

(b) van die bykomende dae waarop hy of sy van voorneme is om te brand omdat daar nie op die dag of dae bepaal ingevolge subartikel (2)(a) of (b) gebrand is nie.

(6) Dit is nie nodig dat die eienaar 14 dae kennis van die bykomende dae moet gee nie.

(7) Eienaars van aangrensende grond kan daartoe instem om ’n gemeenskaplike brandstrook weg van die grens tussen hulle eiendomme te plaas.

(8) Indien ’n eienaar van voorneme is om vir ’n tydperk van langer as 14 dae afwesig te wees gedurende die periode of deel van enige periode wanneer daar normaalweg gebrand word, moet hy of sy al die eienaars van aangrensende grond voorsien van ’n adres en telefoonnommer, as daar een is, waar daar met hom of haar kontak gemaak kan word.

(9) Indien ’n eienaar van aangrensende grond—

(a) nie teenwoordig is op die datum of datums waarop ooreengekom is of waarvan kennis gegee is nie; of

(b) nie ’n adres en telefoonnommer, as daar een is, voorsien het soos vereis in subartikel (8) nie,

mag die eienaar voortgaan om in sy of haar afwesigheid te brand.

(10) ’n Brandbeskermingsvereniging kan reëls maak wat verskil van subartikels (2) tot (6) indien die nuwe reëls deur die Minister goedgekeur is, in welke geval lede gebind word deur die nuwe reëls en vrygestel word van subartikels (2) tot (6).

Vereistes van brandstroke

13. ’n Eienaar wat verplig is om ’n brandstrook te maak en in stand te hou, moet verseker dat, met behoorlike inagneming van die weer, klimaat, terrein en plantegroei van die gebied—

(a) dit breed genoeg en lank genoeg is om ’n redelike kans te hê om te voorkom dat ’n veldbrand na of van naburige grond versprei;

(b) dit nie gronderosie veroorsaak nie; en

(c) dit redelik vry is van brandbare materiaal wat ’n veldbrand oor die brandstrook kan laat beweeg.

Brandstroke aan grense van Republiek

14. ’n Eienaar—

(a) wie se grond aan ’n risiko van veldbrand onderworpe is; en

(b) waarvan enige deel van sy of haar grond saamval met die grens van die Republiek,

moet ’n brandstrook op sy of haar grond so na moontlik aan daardie grens maak en in stand hou.

Vrystelling van plig om brandstroke te maak en in stand te hou

15. (1) Die Minister kan enige eienaar of groep eienaars om goeie redes vrystel van die plig om ’n brandstrook of brandstroke te maak en in stand te hou.

(2) Die vrystelling kan aan voorwaardes onderworpe wees.

(3) Die Minister moet die brandbeskermingsvereniging vir die gebied, as daar een is, raadpleeg alvorens hy of sy enige vrystelling verleen.

Vrystelling van verbod op beskadiging van plante

16. Die reg of plig om ’n brandstrook te maak en in stand te hou ingevolge hierdie Hoofstuk geniet voorrang bo enige verbod in enige ander wet op die afkap, versteuring, beskadiging, vernietiging of verwydering van enige plant of boom, behalwe dat die eienaar—

(a) waar moontlik, enige plant wat ingevolge enige wet beskerm word, moet oorplant; of

(b) waar dit veilig en doenlik is om dit te doen, die brandstrook so moet plaas dat sodanige plant of boom vermy word.

HOOFSTUK 5BRANDBESTRYDING

Hoofstuk 5 plaas ’n plig op alle eienaars om toerusting aan te skaf en personeel beskikbaar te hê om brande te bestry. Sekere persone en beamptes word die bevoegdheid verleen om in noodgevalle grond te betree en brande te bestry. Daar word voorsiening gemaak vir ooreenkomste tussen die Minister en brandbeskermingsverenigings, of tussen sulke verenigings, om mekaar by te staan in geval van ’n brand.

Gereedheid om brande te bestry

17. (1) Elke eienaar op wie se grond ’n veldbrand kan ontstaan of brand of van wie se grond dit

(a) sodanige toerusting, beskermende klere en opgeleide personeel vir die blus van brande hê

(i) voorgeskryf word; of

(ii) by gebrek aan voorgeskrewe vereistes, redelikerwys in die omstandighede nodig is;

(b) verseker dat daar in sy of haar afwesigheid verantwoordelike persone op of naby sy of haar grond aanwesig is wat in die geval van ’n brand—

(i) die brand sal blus of sal help om dit te doen; en

(ii) alle redelike stappe sal doen om die eienaars van aangrensende grond en die betrokke

(a) enige grond betree;

(b) bome, gras, oesgewasse of ander plantegroei vernietig;

(c) enige perseel betree of breek en betree;

(d) enige persoon verhinder om enige perseel te betree;

(e) enige persoon wat in gevaar verkeer of wat hom of haar in die uitvoering van sy of haar pligte hinder, met geweld van die toneel verwyder; en

(f) enige voertuig of ander ding verwyder of gelas dat dit verwyder word.

(6) Wanneer ’n brand oor die grens van ’n brandbeskermingsvereniging versprei of mag versprei, moet die brandbeskermingsbeampte—

(a) die brandbeskermingsbeampte van die gebied waarheen die brand versprei of mag versprei, in kennis stel;

(b) alle nodige stappe doen om die brandbestrydingsoperasie te koördineer ooreenkomstig die brandbeheerstrategie bedoel in artikel 5(1)(a) en (b).

Ooreenkomste vir onderlinge bystand

19. (1) Die Minister kan ’n ooreenkoms met enige persoon of persone of ’n brandbeskermingsvereniging aangaan om onderlinge bystand te verleen met die bestryding van brande.

(2) Twee of meer brandbeskermingsverenigings kan ’n ooreenkoms aangaan om onderlinge bystand te verleen met die bestryding en blus van brande op die grond van, of wat ’n bedreiging uitmaak vir, hulle onderskeie lede.

(3) Die ooreenkomste in subartikels (1) en (2) bedoel, kan voorsiening maak vir die betaling van vergoeding vir die bystand gelewer.

HOOFSTUK 6ADMINISTRASIE VAN WETRegulasies

20. (1) Die Minister kan regulasies uitvaardig om die volgende te hanteer:

(a) Enige aangeleentheid wat ingevolge die Wet voorgeskryf kan of moet word;

(b) modelkonstitusies vir brandbeskermingsverenigings;

(c) prosedures rakende die registrasie van brandbeskermingsverenigings;

(d) prosedures rakende die verkiesing van sekere brandbeskermingsbeamptes;

(e) aansoeke om en verlening van finansiële en ander bystand aan brandbeskermingsverenigings; en

(f) oor die algemeen, om die doeleindes en die bepalings van hierdie Wet ten uitvoer te bring.

(2) Die Minister kan verskillende regulasies kragtens subregulasie (1) uitvaardig vir verskillende streke van die Republiek.

(3) Die verwysing na spesifieke bevoegdhede om regulasies uit te vaardig in hierdie artikel beperk nie die algemene bevoegdhede om regulasies uit te vaardig wat by hierdie artikel verleen word nie.

(4) Die Minister kan by regulasie bepaal dat oortredings van sekere regulasies strafregtelike misdrywe uitmaak en kan maksimum strawwe vir sodanige misdrywe voorskryf.

(5) Die strawwe mag nie dié vir ’n kategorie 2-misdryf bedoel in artikel 24(2) oorskry nie.

Prosedure om regulasies uit te vaardig

21. (1) Alvorens die Minister enige regulasies ingevolge hierdie Wet uitvaardig of wysig, moet hy of sy—

(a) ’n kennisgewing in die Staatskoerant publiseer—

(i) waarin die konsepregulasies uiteengesit word; en

(ii) waarin gevra word dat skriftelike kommentaar op die voorgestelde regulasies binne ’n bepaalde tydperk voorgelê word;

(b) alle kommentaar wat ontvang word, oorweeg; en

(c) raad inwin van—

(i) die Nasionale Bosadviesraad ingestel ingevolge artikel 33 van die Nasionale Wet op Bosse, 1998;

(ii) die Brandweerraad ingestel ingevolge artikel 2 van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987).

(2) Die Minister vaardig die regulasies uit deur dit in die Staatskoerant te publiseer.

(3) Die Minister moet die regulasies in die Parlement ter tafel lê tesame met enige skriftelike kommentaar en advies ooreenkomstig subartikel (1) daaroor ontvang—

(a) binne 30 dae nadat dit gepubliseer is; of

(b) indien die Parlement nie in sessie is nie, binne 30 dae na die begin van die volgende sessie.

(4) Die Parlement kan die regulasies verwerp binne 60 dae nadat dit ter tafel gelê is.

(5) Indien die Parlement enige regulasies verwerp, moet die Minister—

(a) dit herroep; of

(b) gewysigde regulasies in konsepvorm in die Parlement ter tafel lê,

binne 60 dae na die verwerping, of, indien die Parlement nie dan in sessie is nie, binne 60 dae na die begin van die volgende sessie, by gebreke waarvan sodanige regulasies ongeldig word.

(6) Indien die Minister besluit om regulasies wat verwerp is, te wysig—

(a) hoef hy of sy nie die prosedure in subartikel (1) te volg nie;

(b) moet hy of sy die voorsitters van die Rade bedoel in subartikel (1)(c) raadpleeg,

alvorens die gewysigde regulasies ter tafel gelê word.

(7) Indien die Parlement—

(a) die gewysigde regulasies aanvaar, moet die Minister dit binne 30 dae na die Parlement se aanvaarding publiseer;

(b) die gewysigde regulasies verwerp, is subartikels (5), (6) en hierdie subartikel van toepassing.

(8) Indien die Minister aan subartikel (5)(b) voldoen, bly die regulasies soos oorspronklik gepubliseer van toepassing totdat gewysigde regulasies deur die Parlement aanvaar is en deur die Minister ingevolge subartikel (2) gepubliseer is.

Delegering van bevoegdhede en pligte

22. (1) Die Minister kan die uitoefening van enige van sy of haar bevoegdhede kragtens hierdie Wet, uitgesonderd die bevoegdheid om regulasies uit te vaardig, en die verrigting van enige van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet, delegeer aan—

(a) ’n benoemde beampte van die Departement;

(b) die bekleër van ’n amp in die Departement;

(c) ’n Staatsorgaan;

(d) ’n persoon wat nie ’n Staatsorgaan is nie.

(2) Die Direkteur-generaal kan die uitoefening van enige van sy of haar bevoegdhede kragtens hierdie Wet, en die verrigting van enige van sy of haar pligte ingevolge hierdie Wet, delegeer aan enige werknemer in die Departement.

(3) Die Minister of die Direkteur-generaal, na gelang van die geval, kan aan ’n persoon of Staatsorgaan aan wie ’n bevoegdheid of plig gedelegeer is, toestemming verleen om daardie bevoegdheid of plig verder te delegeer.

(4) ’n Delegasie in subartikels (1) en (2) bedoel en die toestemming in subartikel (3) bedoel—

(a) moet skriftelik wees;

(b) kan aan voorwaardes onderworpe wees;

(c) moet die tydperk bepaal waartydens dit geldig is; en

(d) verhinder nie die Minister of die Direkteur-generaal, na gelang van die geval, om daardie bevoegdheid of plig self uit te voer of te verrig nie.

Toewysing van bevoegdhede en pligte

23. (1) Die Minister kan by kennisgewing in die Staatskoerant—

(a) enige bevoegdheid of plig in hierdie Wet onbepaald of vir ’n vaste tydperk toewys aan—

(i) ’n provinsie of ander Staatsorgaan; of

(ii) ’n persoon wat nie ’n Staatsorgaan is nie;

(b) ’n toewysing intrek;

(c) ’n toewysing aan voorwaardes onderworpe maak.

(2) Die Minister moet—

(a) met die betrokke provinsie, Staatsorgaan of persoon oorleg pleeg; en

(b) die administratiewe vermoë oorweeg van die betrokke provinsie, Staatsorgaan of persoon om doeltreffende verantwoordelikheid te aanvaar of voort te gaan om dit te verskaf,

alvorens ’n toewysing gedoen of ingetrek word.

(3) ’n Provinsie kan die bepalings van die Wet rakende die bevoegdhede en pligte aan hom toegewys, implementeer—

(a) vanaf die datum van die toewysing;

(b) in die gebied waarop die toewysing betrekking het;

(c) totdat die toewysing tot ’n einde kom.

HOOFSTUK 7MISDRYWE EN STRAWWE

Hierdie Hoofstuk sit die tersaaklike misdrywe en die toepaslike strawwe ingevolge hierdie Wet uiteen.

Strawwe

24. (1) Iemand wat skuldig is aan ’n kategorie 1-misdryf in artikel 25 bedoel, kan vir ’n eerste skuldigbevinding aan daardie misdryf gevonnis word tot ’n boete of gevangenisstraf vir ’n tydperk van tot twee jaar of tot ’n boete en sodanige gevangenisstraf.

(2) Iemand wat skuldig is aan ’n kategorie 2-misdryf in artikel 25 bedoel, kan by ’n eerste skuldigbevinding vir daardie misdryf gevonnis word tot ’n boete of gevangenisstraf vir ’n tydperk van tot een jaar of tot ’n boete en sodanige gevangenisstraf.

(3) Iemand wat skuldig is aan ’n kategorie 3-misdryf in artikel 25 bedoel, kan by ’n eerste skuldigbevinding vir daardie misdryf gevonnis word tot ’n boete of gemeenskapsdiens vir ’n tydperk van tot ses maande of tot ’n boete en sodanige diens.

(4) Iemand wat skuldig is aan ’n kategorie 2- of 3-misdryf, kan by ’n tweede skuldigbevinding vir daardie misdryf gevonnis word asof hy of sy onderskeidelik ’n kategorie 1- of 2-misdryf gepleeg het.

(5) ’n Hof wat iemand vonnis tot gemeenskapsdiens vir ’n misdryf ingevolge hierdie Wet, moet ’n vorm van gemeenskapsdiens oplê wat die omgewing bevoordeel as dit vir die oortreder moontlik is om so ’n vonnis in die omstandighede uit te dien.

Misdrywe

25. (1) Iemand wat ’n vuur in die ope lug aansteek, gebruik of aan die gang hou in stryd met artikel 10(2), is skuldig aan ’n kategorie 1-misdryf.

(a) ’n vuur wat hy of sy aangesteek, gebruik of aan die gang gehou het, alleen laat voordat daardie vuur geblus is;

(b) ’n vuur aansteek, gebruik of aan die gang hou, met of sonder toestemming van die eienaar, wat versprei en besering of skade veroorsaak;

(c) ’n brandende vuurhoutjie of ander brandende materiaal of enige materiaal wat spontaan kan ontbrand of self kan ontsteek, neergooi, neersit of laat val, en daardeur ’n brand veroorsaak wat versprei en besering of skade veroorsaak;

(d) ’n vuur in ’n padreserwe aansteek, gebruik of aan die gang hou—

(i) anders as in ’n vuurmaakplek wat deur ’n bevoegde owerheid aangewys is; of

(ii) vir ’n ander doel as die brand van ’n brandstrook ingevolge artikels 12 tot 16; of

(e) rook waar rook by kennisgewing verbied is,

is skuldig aan ’n kategorie 2-misdryf.

(a) versuim om ’n brandstrook te maak wanneer hy of sy verplig is om dit te doen ingevolge artikel 12(1) of 14;

(b) versuim om kennis te gee van voorneme om ’n brandstrook te brand ingevolge artikel 12(2)(b);

(c) ’n brandstrook brand wanneer ’n brandbeskermingsvereniging beswaar gemaak het ingevolge artikel 12(4)(a); of

(d) versuim om aanliggende eienaars in kennis te stel van die aangeleenthede in artikel 12(5) bedoel,

is skuldig aan ’n kategorie 2-misdryf.

(a) versuim om te voldoen aan die standaarde van gereedheid vir brandbestryding in artikel 17(1) bedoel;

(b) versuim om die persone in artikel 18(1)(a) bedoel in kennis te stel;

(c) weier om ’n brandbeskermingsbeampte of ’n bosbeampte ingevolge artikel 18(3)(b) of 18(4)(b) by te staan; of

(d) enige persoon in artikel 18(2) bedoel of enige brandbeskermingsbeampte in artikel 18(3) bedoel of enige bosbeampte in artikel 18(4) bedoel, hinder of dwarsboom,

is skuldig aan ’n kategorie 2-misdryf.

(5) Enige eienaar, okkupeerder of persoon in beheer van grond waarop ’n brand voorkom, wat versuim om redelike stappe te doen om die brand te blus of om dit tot daardie grond te beperk of om te voorkom dat dit skade aan eiendom op aangrensende grond veroorsaak, is skuldig aan ’n kategorie 1-misdryf.

(6) Iemand wat—

(a) ’n brandbeskermingsbeampte, bosbeampte, polisiebeampte of ’n beampte aangestel ingevolge artikel 5 of 6 van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987), verhinder om ingevolge artikel 27, 28 of 29 op te tree; of

(b) hom of haar op enige wyse hinder in die uitvoer van sy of haar pligte ingevolge artikel 27, 28 of 29,

is skuldig aan ’n kategorie 3-misdryf.

(7) Nalatigheid kom neer op skuld vir doeleindes van ’n misdryf ingevolge hierdie artikel.

HOOFSTUK 8AFDWINGING

Hierdie Hoofstuk sit die bevoegdhede van geregistreerde brandbeskermingsbeamptes om die bepalings van hierdie Wet doeltreffend af te dwing, uiteen.

Implementering van hierdie Hoofstuk

26. (1) ’n Brandbeskermingsbeampte het die bevoegdheid om die Wet ingevolge hierdie Hoofstuk af te dwing slegs indien hy of sy ingevolge artikel 6(6) geregistreer is.

(2) (a) ’n Bosbeampte, ’n polisiebeampte, en ’n beampte wat aangestel is ingevolge artikel 5 of 6 van die Wet op Brandweerdienste, 1987 (Wet No. 99 van 1987), het die bevoegdheid om die Wet af te dwing ingevolge hierdie Hoofstuk.

(b) ’n Verwysing na ’n brandbeskermingsbeampte in artikels 27, 28 en 29 sluit die beamptes bedoel in paragraaf (a) in.

(3) ’n Brandbeskermingsbeampte wat bevoegdhede kragtens hierdie Wet uitoefen, moet saam met hom of haar dra, en op versoek toon, die voorgeskrewe bewys van sy of haar identiteit en aanstelling as ’n brandbeskermingsbeampte.

(4) ’n Verwysing na ’n misdryf in hierdie Hoofstuk beteken ’n misdryf ingevolge hierdie Wet.

(5)(a) ’n Hof wat ’n boete oplê vir ’n misdryf ingevolge hierdie Wet, kan beveel dat ’n bedrag van hoogstens een kwart van die boete betaal word aan enige persoon wie se getuienis tot die skuldigbevinding gelei het of wat gehelp het om die oortreder voor die gereg te bring.

(b) ’n Beampte in diens van die Staat mag nie so ’n toekenning ontvang nie.

Bevoegdheid om te betree en te deursoek

27. (1) ’n Brandbeskermingsbeampte kan enige grond of perseel sonder ’n lasbrief betree en deursoek indien hy of sy rede het om te vermoed dat ’n misdryf daar gepleeg is of word en—

(a) die persoon in beheer van die grond of perseel daartoe instem; of

(b) die brandbeskermingsbeampte rede het om te vermoed dat ’n lasbrief uitgereik sal word indien hy of sy om sodanige lasbrief aansoek sou doen, maar die vertraging as gevolg van sodanige aansoek die doel van die betreding of deursoeking sal verydel.

(2) ’n Brandbeskermingsbeampte kan sonder ’n lasbrief enige voertuig wat hy of sy redelikerwys vermoed gebruik is of gebruik word by die pleeg van ’n misdryf, stop, betree en deursoek of enige pakdier stop en deursoek.

Bevoegdheid van beslaglegging

28. (1) ’n Brandbeskermingsbeampte kan sonder ’n lasbrief beslag lê op—

(a) enige voertuig, werktuig, wapen, dier of ander ding wat hy of sy rede het om te vermoed gebruik word of gebruik is by die pleeg van ’n misdryf;

(b) enige ding wat hy of sy rede het om te vermoed as getuienis gebruik kan word by die vervolging van enige persoon vir ’n misdryf.

(2) Waar daar ingevolge subartikel (1)(a) op ’n voertuig of dier beslag gelê word, moet die persoon in beheer van die voertuig of dier dit neem na die plek wat deur die brandbeskermingsbeampte aangewys word.

(3) Die aangewese plek moet na die mening van die brandbeskermingsbeampte die naaste of gerieflikste plek wees waar die voertuig of dier gehou kan word.

(4) Die voertuig of dier kan daar gehou word hangende die uitkoms van enige verrigtinge ingevolge hierdie Wet.

(5) Indien die persoon in beheer van die voertuig of dier weier om dit na die plek te neem, kan ’n brandbeskermingsbeampte dit doen.

(6) Ten einde ’n voertuig waarop daar beslag gelê is, te beveilig, kan ’n brandbeskermingsbeampte dit immobiliseer deur ’n onderdeel te verwyder.

(7) Die onderdeel moet veilig bewaar word en in ’n goeie toestand in die voertuig teruggeplaas word wanneer dit vrygestel word.

(8) ’n Item waarop kragtens hierdie artikel beslag gelê word, moet veilig en in ’n goeie toestand bewaar word.

Bevoegdheid om in hegtenis te neem

29. (1) ’n Brandbeskermingsbeampte kan enige persoon in hegtenis neem wat hy of sy

(a) ’n kategorie 1- of 2-misdryf gepleeg het; of

(b) ’n kategorie 3-misdryf gepleeg het en wat na sy of haar mening sal versuim om in reaksie

(2) Wanneer iemand in hegtenis geneem word, moet ’n brandbeskermingsbeampte—

(a) nie meer geweld gebruik as wat redelikerwys nodig is nie indien daar verset teen die inhegtenisneming is;

(b) die grondwetlike regte van die persoon wat in hegtenis geneem word, respekteer.

HOOFSTUK 9ALGEMENE EN OORGANGSBEPALINGS

Hierdie Hoofstuk handel hoofsaaklik oor die oorgang na ’n nuwe regsorde in die bestuur en beheer van veldbrande. Allerlei items wat gereguleer moet word, word ook hier hanteer.

Navorsing

30. (1) Die Minister kan navorsing doen of laat doen oor—

(a) die voorkoming en bestryding van veldbrande; en

(b) die gebruik van beheerde brand in volhoubare bosbestuur.

(2) Die Minister moet die resultate van die navorsing gratis bekend maak aan alle brandbeskermingsverenigings.

Publikasie van kennisgewings in media

31. (1) Waar ’n kennisgewing ingevolge hierdie Wet gepubliseer moet word en—

(a) die vereiste getal televisiekanale of radiostasies nie na ’n gebied uitgesaai word nie; of

(b) die vereiste getal koerante nie in die gebied sirkuleer nie,

kan die Staatsorgaan verantwoordelik vir publikasie dit doen in sodanige kleiner getal media as wat wel die betrokke gebied bereik.

(a) die beweerde uitoefening van enige bevoegdheid of verrigting van enige plig; of

(b) die versuim om enige bevoegdheid uit te oefen of enige plig te verrig,

ingevolge hierdie Wet, tensy die Staat of die verantwoordelike persoon dit—

(i) te kwader trou gedoen het, indien dit betrekking het op ’n bevoegdheid of plig in Hoofstuk 3; of

(ii) nalatig of te kwader trou gedoen het, indien dit betrekking het op ’n bevoegdheid of plig in enige ander deel van die Wet.

Vermoede van nalatigheid

34. (1) Indien ’n persoon wat ’n siviele geding aanhangig maak, bewys dat hy of sy ’n verlies gely het as gevolg van ’n veldbrand wat—

(a) deur die verweerder veroorsaak is; of

(b) begin het op of versprei het van grond wat deur die verweerder besit word,

word daar vermoed dat die verweerder natalig was met betrekking tot die veldbrand totdat die teendeel bewys word, tensy die verweerder ’n lid is van ’n brandbeskermingsverniging in die gebied waar die brand voorgekom het.

(2) Die vermoede in subartikel (1) stel die klaer nie vry van die bewyslas dat enige daad of versuim deur die verweerder onregmatig was nie.

Wysiging van Wet 122 van 1984

35. Die Boswet, 1984 (Wet No. 122 van 1984), word hierby gewysig—

(a) deur in artikel 1 die omskrywings van “brandbeheergebied”, “brandbeheerkomitee”, “brandbeheerstreek”, “brandbestrydingsplan”, “brandstrook” en “streekbrandbeheerkomitee” te skrap;

(b) deur artikels 18 tot 27 te skrap;

(c) deur in artikel 73 paragraaf (c) van subartikel (1) te skrap; en

(d) deur in artikel 75—

(i) subparagrawe (iii) en (iv) van paragraaf (a) van subartikel (2);

(ii) paragraaf (b) van subartikel (2); en

(iii) subartikels (7) en (8),

te skrap.

Voorbehoudsbepalings

36. (1) Enigiets wat gedoen is ingevolge ’n wet wat deur hierdie Wet herroep word—

(a) bly geldig indien dit in ooreenstemming met hierdie Wet is, totdat dit herroep of geneutraliseer word; en

(b) word ’n handeling ingevolge die ooreenstemmende bepaling van hierdie Wet.

(2) Enige regulasie uitgevaardig ingevolge die Boswet, 1984 (Wet No. 122 van 1984)—

(a) bly geldig indien dit in ooreenstemming met hierdie Wet is, totdat dit deur die Minister herroep word; en

(b) word ’n regulasie uitgevaardig ingevolge artikels 20 en 21 van hierdie Wet.

(3) Toewysings en delegasies van bevoegdhede of pligte ingevolge die Boswet, 1984, word toewysings en delegasies ingevolge hierdie Wet indien dit in ooreenstemming met hierdie Wet is.

Kort titel

37. Hierdie Wet is die Nasionale Wet op Veld- en Bosbrande, 1998.

Inwerkingtreding

38. Hierdie Wet tree in werking op ’n datum wat die President in die Staatskoerant bepaal.